

2006

LIBRARY WEEK BIBLIOTEEKWEEK IVEKI YETHALA LEENCWADI

Compiled by / Saamgestel deur
GRIZÉLL AZAR-LUXTON

Judging from comments received from librarians, teachers and library users, this year's *Faces* theme was a resounding success. The striking posters were displayed all over - not only in libraries, and we've had requests from many a teacher and other organisations for these. Some wonderful inventive activities were presented during Library Week and even libraries with severe staff limitations participated in our efforts to bring books to people. We thank you for that.

Te oordeel aan die kommentaar en talle gesprekke met bibliotekarisse, onderwysers en gebruikers is dit duidelik dat vanjaar se *Gesigte* tema 'n wenner was. Die treffende plakkaat kon oral gesien word, nie slegs in biblioteke nie en talle versoeke van ander organisasies is ontvang om nog 'n plakkaat of twee aan te stuur.

Talle ongelooflik vindingryke aktiwiteite het gesorg dat Biblioteekweek 'n werklikheid vir die publiek word - tot in biblioteke met uifers beperkte personeel - aan almal ons hartlike dank en waardering.

Ocean View Library had their own survey amongst 130 Grade 10s on the Library Week campaign and we share the results:

- ☺ 92.5% liked the posters
- ☺ 97.5% said that the posters made them think more about the importance of reading
- ☺ 37.5% said that they would prefer the posters in their own language (the posters were trilingual so we are slightly mystified here).

Some of the more interesting comments were:

- ☺ posters could be a lot of fun if you just read it more but it can be more fun if there is stuff on to make the readers excited
- ☺ if you can not read you will become nothing
- ☺ I would like to meet the authors so that you could speak to them and ask them why you should read their books. They could even put the authors on the posters
- ☺ I think that the posters are very interesting. But some of the words are very small. If they could make it bigger then it will be better to read. I like the poster of the baby - it tells us more about reading. And I like the poster of the boy with the big smile. The poster of the girl with a big smile is very beautiful words that she speaks about
- ☺ it makes you think of lots of books
- ☺ I would suggest if you can not read and you do not like the four posters

go to the nearest library take some books out and ask someone to help you read that is the least I can do/say

- ☺ the poster looks great, but you can put in a little more colour
- ☺ I like the posters because you can stick it on the wall and on tables and people would look at it and start reading them and realise that reading is very important
- ☺ I like the poster of the baby that say 'Gebore om te lees' because it is right to read because if you can read you must go to the library and start reading. You must learn children reading from a very small age. When you are in school you can do anything by reading books.



Jong, ywerige lesers se getalle groei met rasse skrede in Barrydale Biblioteek. Die pas voltooide leeshoekie met pragtige muurskilderye is op meer as een dag te klein. Hier verskyn van die jong kunstenaars besig om hul gesigte te voltooi vir 'n kompetisie. Pragtige pittige sêgoed het uitgekóm:

'Everytime I turn a page I start a new adventure.'
Danniella Roché.

'Be a bookworm not a drugworm.' Jason Thiar (12)

'Lees...dit gee jou gees.' Hannelie Zulch (10)

'Lees is soos water - jy het dit nodig.' Alene Holder (9)

'Lees is soos die "jimel."' Colenso Holder (7)

'My oë sien meer as net lettertjies, hulle sien swaarde, wilde diere, vlieënde drake, perde, groot kastele en verplekke.' William Prins (11)

'Ek sou graag in 'n biblioteek wou bly.' Emerentia Delport (11).



Library Week celebrations started on a festive note at **Bellville Library** with a huge banner and the irresistible smell of boerewors rolls greeting patrons on Saturday morning. Inside eye-catching displays, balloons, face-painting and eager young entrepreneurs selling their handcrafted products added to the buzz.

Featured in the stunning display on **Celebrities read / Sterre lees** (left) aimed at inspiring teens to read, are local celebrities such as rugby player Bolla Conradie, Pasella presenter and singer Charlene Truter, radio personality John Maytham, pop idol Heinz Winckler, and others sharing their favourite books. Note the staff dressed in their distinctive Africa shirts.

A mass story-telling session (left below) with Educare students from Northlink College was a great success with students getting valuable practical experience. Children's author Fanie Viljoen and Carina Diedericks-Hugo enchanted Grade 7s at Vredelust Primary. The **Faces** theme of Library Week received another interpretation with an interesting display of valuable old cameras and photographic equipment from a local photographer, and with an enthusiastically-received talk with tips on using digital cameras by one of the lecturers at the Bellville Art Centre, Tiaan van Deventer.



The week ended with a well-supported senior entrepreneurs market in the foyer. Pre-schoolers having fun during a colouring-in session are seen on the left.

Brackenfell se jeug het hul eie gesigte by dié van die gesigte op die plakkate gevoeg, met byskrifte van wat hulle van lees dink. Hulle was ook die eerstes wat 'n bewusheidsarmband (awareness bracelet) ontvang het.

Annelet Prinsloo van ANNinMotion se pragtige reuse groot marionette (heel onder) was 'n treffer.

'n Besondere storietyd by kerslig was baie populêr, waarna die kinders kersblakertjies van blikkies gemaak het.

Te midde van talle ander gebeure is daar afgesluit met hul eie 'bib-rap':
'Die biblioteek is alte cool
Hier speel ons nooit die fool
Hou net die boeke op hul plek
Anders maak jul almal gek!'



Dankie-sê briefies van gebruikers...

- ☺ Readers are leaders
- ☺ thank you fore a nise time bay the library and we had a great time
- ☺ thank you for coming to ower school. Thank you librarians for reading a story for us
- ☺ we loved the little show and now I have lernt how a library works. It was wonderful. I never relised the numbers on the books
- ☺ I will remember to not eat gum in the library. I will also remember not to put feet on the table or I will remember to put the book rightway
- ☺ Dear Librarians. Thank you for the show. I alsow ingod the story. You did very good on the show. Pleys pleys come again.



Bredasdorp Biblioteek het omtrent 'n besige tyd gehad. Daar was 'n Suid-Afrikaanse blokraaisel vir volwassenes; 'n inkleurwedstryd vir kinders; storie-uur vir kleuters; en inteken van gesigte binne buitelynn vir tieners, met pryse in alle kategorieë. Onder ontvang Aimee Baert 'n prys van Suzette Marais vir haar gesig met collage effek. Heel onder is Hayley Swart by haar uitstalling in die saal saam met gebruikers.





(Above) Eager young learners from the Let's improve your reading programme at **Conville Library**. Volunteer Val Cyster presented the programme.



(Below) Gerry Potts and Nolutho from George at the Faces exhibition in **Conville's** foyer - faces of the staff and the patrons inviting comments.



Die opkoms by **D'Almeida Biblioteek** was oorweldigend. Ongeveer 90 kinders het saamgedrom vir die opening van die program en met verloop van die week het die getalle deelnemende kinders geweldig gestyg. Die poppespel (regs bo) aangebied deur Siegfried, Bessie, en Lorinda het groot aftrek gekry. (Regs) Hier verskyn die groep saam met Jean Adams, bibliotekaris van D'Almeida. Onder is die trotse spannetjie wat elkeen 'n leessertifikaat ontvang het saam met Lizette de Kock. Daar was ook videovertonings, legkaartkompetisies, boekhanteringsessies en inkleurkompetisies.



(Below) The Little Rascal's pre-primary class enjoyed the stories and face painting with Anita da Silva (far right) and her assistant Annemarie Afrika at **Pacaltsdorp Library** (George)



(Below bottom) Educare students entertained the Grade R's from Denneoord Primary with a puppet theatre and then the making of masks at **George Library**.



Biblioteekweek in **Heidelberg** (regs en bo) is afgeskop met die verf van verskillende gesigte: spinnerakke, narre, hasies, feeftjies, seerowers, want...elke gesig vertel mos 'n ander storie. Haas Kalbas die bibliotekaris (regs) het stories vertel en lekkers uitgedeel die Vrydagoggend. Wat 'n fees - dié gesig vertel baie stories. Graad 1-3 het saam gejoj en Hasie kuier by hulle! (Kan amper 'n plakkaat wees.)





(Bo links) **Hopfield Biblioteek** se wenners van hul inkleurwedstryd van die plaaslike skole Hopfield Primêr en Hopfield Hoërskool saam met (Inr) mnr en mev L Smith, Bibliotekaris Charmaine Wyngaard, die Speaker van Saldanhaabaai Munisipaliteit, me Johanna Stoffels en mnr en mev C Baard.



(Bo) Hier word die dagsorg ook tydens Biblioteekweek in **Hopfield** betrek.

(Onder links) Breë glimlaggies van die kinders van die plaasskool Welgemeend Primêr. Plaasskole word eintlik baie afgeskeep tydens Biblioteekweek en vanjaar het **Malmesbury Biblioteek** besluit om een te gaan besoek. Meeste kinders was nog nooit in 'n biblioteek nie en was verstom oor die pragtige nuwe boeke waaruit voorgelees is. 'n Wonderlike ondervinding vir almal. Bibliotekaris Elsabe van der Vyver is regs agter.



(Bo) **Lutzville Biblioteek** se boekvoorstelling by Hansie en Grietjie Kleuterskool. Van die voorstellings deur die twintig deelnemers was **Liewe Heksie**, **Gestewelde Kat** en so meer. Die wenners het armbandjies en sjokoladestafies ontvang.



Die Gesigte tema het omtrent vir inspirasie onder gebruikertjies van **Mosselbaai Biblioteek** gesorg. Hier staan van die jonger gebruikertjies met hulle unieke skeppings - Elke gesig vertel 'n storie...

Milnerton Library's Flower Club has been meeting in the library on a monthly basis for the past 22 years and donate their flower creations to various charities, such as St. Lukes Hospice. This year the project for Library Week was **Your favourite book in flowers** and beautiful creations dotted the library. Favourites were **Long walk to freedom** done with strelitzias, **Jonah in blues**, and **Ruth Rendell in dark sinister bark and greens**



(Above) Professional story-teller Gilly Southwood kindly donated her time to the community and presented a morning of story-telling at **Meadowridge Library**. Children from the preschool were absolutely spellbound by her!

(Regs) **Moorreesburg Biblioteek** het gepoog om vanjaar al hul leners te bereik. Vir kinders was daar storie-ure met 'n gesigverf sessie en 'n piekniek. By die ouetehuse is biblioteekweekmateriaal uitgedeel en daar is van plaaslike talent gebruik gemaak. Marlene Wessels het, byvoorbeeld, met haar saxofoon in die biblioteek opgetree.





'n Optog deur die dorp as deel van 'n bewus-
makingsveldtog van **Nuwerus Biblioteek** (bo)
en hul dienste asook die belangrikheid van lees
onder inwoners van die dorp.



(Bo) Omdat **Tygervallei** nie plek vir aktiwiteite
het nie, het hulle maar 'n ander plan gemaak.
Hier is Jade, een van hulle talle getroue en oulike
gebruikertjies

(Onder) Kleuterskole is tydens Biblioteekweek deur
personeel van **Welverdiend Biblioteek** besoek.
Biblioteekassistent Tracey Dennis (onder links)
en Lillian Newman doen 'n prystrekking tydens
Biblioteekweek



(Links en onder) **Porterville Biblioteek**
het as hoogtepunt van Biblioteekweek
'n baie spesiale dag vir die Goue Jare
klublede van die dorp aangebied. Twee
perdekarre gelaai met Goue Jare lede het,
nadat daar verversings by die dorpsdam
geniet is, onder kitaarbegeleiding deur oom
Braam van Wyk, liedjies uit die goeie jare
gesing terwyl hulle deur die strate gery
het. Motoriste het hulle verwonder aan die
ongewone gesig van die singende, vrolike
senior burgers. Daarna het
hulle deur die wingerde na Oppi
Plaas Koffiewinkel gery waar
heerlik verder gekuier is (links).
Al die lede het met perdekarre
grootgeword wat wonderlike
herinneringe opgeroep het - 'n
onvergeetlike dag.



(Onder) Kinders moes 'n essay skryf oor **Elke gesig vertel
'n storie / Every face tells a story**. Hier verskyn van die
wenners saam met personeel van **Uniondale Biblioteek**.
Links agter is Bettie Ruiters en regs is Sabdra van Vugt.

